



GAUTENG DEPARTEMENT VAN ONDERWYS

BESTUURSLIGGAAM VERKIESING

BRIEF AAN OUERS

VERKIESING VAN OUEVERTEENWOORDIGERS/LEDE VAN DIE SKOOL BESTUURSLIGGAAM

DISTRIK: Sedibeng- Oos (D7)

NAAM VAN SKOOL: Laer Volksskool Heidelberg

SKOOL ADRES: Voortrekkerstraat 15
Posbus 84
Heidelberg, GP
1441

Geagte Ouers,

Die regulasie in terme van die Onderwyswet van Gauteng van 1995 en die Onderwyswet van Suid-Afrika (Wet 84 van 1996) vereis dat alle publieke skole 'n bestuursliggaam elke drie jaar verkies. Nuwe bestuurliggame in terme van bogenoemde regulasies moet teen 15 Maart 2018 verkies word. Die regulasies omskryf die samestelling van die bestuursliggaam.

Hiermee word kennis gegee dat 'n vergadering vir die nominasie van kandidate vir die verkiesing van Ouerlede van die bestuursliggaam vir die bogenoemde skool gehou word:

NOMINASIE VERGADERING:

Datum: 1 Maart 2018
Tyd: 18:00 - 18:20
Plek: Laer Volksskool Heidelberg Skoolsaal

VERKIESING VAN OUER-BL LID:

Datum: 1 Maart 2018
Tyd: 18:30 - 19:00
Plek: Laer Volksskool Heidelberg Skoolsaal

Die skool Bestuursliggaam moet bestaan uit die Hoof asook:

- 6 x Ouervertegenwoordigers/Lede
- 3 x Onderwyser-vertegenwoordigers
- 1 x Publieke Dienste lede/vertegenwoordigers

Die volgende persone mag volgens die Skolewet nie genomineer word op die BL nie:

- Persoon met geestelike afwykings soos deur 'n hof bepaal;
- Ongerehabiliteerde insolvente persone;
- Persone met 'n kriminele rekord;
- om verkiesbaar te wees, moet dit 'n ouer van die skool wees.

'n Kandidaat mag op twee maniere genomineer word:

- deur die invul van 'n nominasievorm wat gesamentlik voltooi is deur die voorsteller, sekondant en die genomineerde kandidaat, wat ingehandig word by die skool, nie meer as 7 dae en nie minder as 1 dag voor die nominasievergadering nie.
- deur die voorstelling van 'n ouer/voog as 'n lid tydens die nominasie-vergadering met die veronderstelling dat die voorstel deur 'n ander kandidaat gesecondeer word en dat die nominasievorm deur die voorsteller, sekondant en kandidaat voltooi word en by die Verkiesingsbeampte ingehandig word binne die tyd wat deur die Verkiesingsbeampte vir dié doel toegelaat word.
- Nominasies kan ingedien word vanaf 21 Februarie tot 27 Februarie om 13:00.
- Nominasies kan ook op 1 Maart vanaf 18:00 tot 18:20 geskiet.
- Indien daar meer kandidate genomineer word as die aantal Ouerlede wat verkies moet word, sal 'n verkiesing plaasvind.

P. STRYDOM

HOOF